# DIE SKIETLOOD

210e Uitgawe 20 Januarie 2023

saam met Koersvas 210

Koersvas en Die Skietlood is die mondstukke van die GHG. Standpunte in die *Die Skietlood* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie. Redakteur: Dr Johan Otto

## DIE DORDTSE LEERREËLS

### Hoofstuk 5: Die volharding van die Heiliges

**Teks 7.** Wanneer hulle so in die sonde val, bewaar God eerstens in hulle sy onverganklike saad waaruit hulle weergebore is, sodat dit nie vergaan of vernietig word nie. Tweedens vernuwe Hy hulle deur sy Woord en Gees seker en kragtig tot bekering. Die gevolg is dat hulle oor die sondes wat hulle gedoen het van harte en volgens die wil van God berou het en deur die geloof, met 'n gebroke hart, vergifnis in die bloed van die Middelaar begeer en verkry. So besef hulle weer die genade van God wat nou met hulle versoen is, aanbid hulle sy ontferming en trou om daarna met groter ywer hulle eie heil met vrees en bewing uit te werk. *Primo enim in istis lapsibus conservat in illis semen illud suum immortale, ex quo regeniti sunt, ne illud pereat aut excutiatur. Deinde per verbum et Spiritum suum, eos certo et efficaciter renovat ad pœnitentiam, ut de admissis peccatis ex animo secundum Deum doleant, remissionem in sanguine Mediatoris, per fidem, contrito corde, expetant, et obtineant, gratiam Dei reconciliati iterum sentiant, miserationes per fidem ejus adorent, ac deinceps salutem suam cum timore et tremore studiosius operentur.*

### Verklarende kommentaar

Hierdie artikel sluit nou aan by die teks van artikel ses waar dit duidelik gestel word dat God nie Sy kinders versaak nie. Dit behels sekere optredes en vooronderstellings wat erken moet word. Die eerste is om raak te sien dat die mens altyd weer struikel. "Wanneer hulle sondig" is anders as "indien hulle sondig". In hierdie erkenning is dit duidelik dat die opstellers van die Dordtse leerreëls rekening gehou het met die mens as sondaar, verlore in die sonde. Wat nou aangespreek word is die finale effek van die sonde. Wat gebeur wanneer die mens wat in geloof gered is, wel sondig?

Eerstens is dit so dat dit God is wat die mens bewaar en die saad van geloof wat in die mens is, bewaar op so 'n manier dat die saad van geloof nie tot niet sal gaan nie. Die sonde vernietig met ander woorde nie geloof nie, maar bring dit in gedrang. Dit is God wat in daardie oomblikke die mens beskerm en bewaar. God doen ook meer as net beskerm en bewaar. God werk deur Sy Gees kragtig in die mens sodat die mens weer tot bekering sal kom.

Hierdie dubbele werking van God - bewaring en leiding tot bekering - is nie vrugteloos nie. Die gevolg van God se beskerming en roeping tot bekering is dat die mens met gebroke hart in Jesus vergifnis begeer en verkry. Beide hierdie aspekte is van belang. Die mens se begeerte tot vergifnis word met die gee van die begeerde vergifnis geantwoord. In Jesus bloed word die sondaar begenadig. Hierdie wete van berou en vergifnis maak dat gelowige mense telkens die genade van God raaksien en erken. Die genade maak dat die versorging van God telkens raakgesien word. Hierdie kennis inspireer dan gelowiges om met groter ywer hulle

lewens aan die Here te wy. In terme van die Heidelbergse Kategismus kan ons stel dat die sonde verlossing en blye dankbaarheid hier ter sprake is.
Dit is duidelik dat die mag van sonde nie die mag van God oortroef nie. Die mens is genadiglik nie aan die sonde oorgelewer nie, maar kan lewe in die ruimte van God se genade en liefde. Dit is egter nie die mens nie, maar God wat hierdie oorlewing waarborg en bewerkstellig.

**Teks 8.** Dat hulle nie heeltemal uit die geloof en die genade uitval of ook tot die einde in die sonde bly of verlore gaan nie, verkry hulle nie deur hulle eie verdienste of inspanning nie, maar weens die genadige barmhartigheid van God. As dit van hulle afgehang het, kon dit nie alleen maklik gebeur het nie, maar sou dit ook ongetwyfeld gebeur het. Maar omdat dit van God afhang, kan dit glad nie gebeur nie. Immers, sy raad kan nie verander, sy belofte kan nie verbreek, die roeping na sy voorneme kan nie herroep, die verdienste, voorbidding en bewaring van Christus kan nie kragteloos gemaak word nie, net so min as wat die verseëling deur die Heilige Gees verydel of vernietig kan word. *Ita non suis meritis, aut viribus, sed ex gratuita Dei misericordia id obtinent, ut nec totaliter fide et gratia excidant, nec finaliter in lapsibus maneant aut pereant. Quod quoad ipsos non tantum facile fieri posset, sed et indubie fieret; respectu autem Dei fieri omnino non potest: eum nec consilium ipsius mutare, promissio excidere, vocatio secundum propositum revocari, Christi meritum, intercessio, et custodia irrita reddi nec Spiritus Sancti obsignatio frustranea fieri aut deleri possit.*

**Verklarende kommentaar**
Slegs een van twee moontlikhede bestaan. Die mens kan homself met verdienste red en verlos, of die mens kan nie uit eie verdienste en arbeid homself red nie. Hierdie twee moontlikhede moet gestel word teenoor God se genade in Almag en Vrymag. Indien die mens homself kan red, is God se genade nie nodig nie of net gedeeltelik nodig. Dit is reeds vroeër duidelik uitgespel dat die mens totaal deur genade gered word. Die mens kan nooit homself red nie, dit is 'n genadegawe van God. Wat gebeur wanneer die mens in sonde verval?
Die feit dat die mens in sonde verval, maak dit moontlik vir die mens om uit die genade te val, in die sonde te bly en totaal verlore te gaan. Waarom gebeur dit nie? Hier word nou die volgende brandpunt van die Armeniaanse teologie blootgelê. Hulle wil stel dat die mens met moeite en inspanning homself uit die gat van sonde kan kry. Met eie verdienste kan die mens die genade wat ontvang is - en verlore gegaan het weens sonde- , weer herwin; so wil die Remonstrante beweer.
Sou dit van die mens afgehang het om met inspanning en verdienste uit die sonde te kom, sou die mens beslis in die sonde gebly het. Daar is geen twyfel daaroor dat die mens nie deur eie inspanning weer tot inkeer kom en uit die siklus van sonde tree nie. Aan homself oorgelaat, sal die mens in die sonde verval en daarin doodgaan tot die ewige verdoemenis.
Genadiglik hang die mens se berou en inkeer nie van die mens se inspanning af nie. Dit is God wat as garant (*borgsteller; persoon wat waarborg*), as lewende en getroue waarborg optree vir die mens se inkeer en berou. Die Dordtse leerreëls lys dan die redes vir hierdie troos: God verander nie van plan nie, God hou Sy beloftes, God besluit nie skielik om die mens te verwerp nie. Wat God in SY liefde

oor die mens beslis het, bly staan. Daarmee saam is die werk en soenverdienste van Jesus Christus kragtig en ewigdurend. Die Heilige Gees werk ten spyte van die mens se weerspannigheid onverpoosd in die harte van die uitverkorenes.

**Teks 9.** Die gelowiges kan sekerheid hê van hierdie bewaring van die uitverkorenes tot die saligheid en van die volharding van die ware gelowiges in die geloof. Hulle het hieroor sekerheid volgens die maat van die geloof waarmee hulle seker glo dat hulle ware en lewende lidmate van die kerk is en altyd sal bly en dat hulle vergifnis van sondes en die ewige lewe het. *De hac electorum ad salutem custodia, vereque fidelium in fide perseverantia, ipsi fideles certi esse possunt, et sunt pro mensura fidei, qua certo credunt se esse et perpetuo mansuros vera et viva Ecclesiæ membra, habere remissionem peccatorum, et vitam æternam.*

**Verklarende kommentaar**

Waar kom sekerheid van geloof vandaan? Kan jy ooit verseker weet dat jy gered is? Hierdie vrae word in hierdie artikel 9 van hoofstuk deels beantwoord. Gelowiges kan seker wees van die bewaring van die uitverkorenes vir tyd en ewigheid en vir seker weet dat gelowiges in die geloof sal kan volhard. Geloof bring met ander woorde sekerheid van saligheid. Waaraan is die sekerheid gekoppel en wat is die vlak van sekerheid wat daaruit gehaal kan word?

Hierdie sekerheid is geen absolute maat nie. Gelowiges gaan in hulle gemoed en denke op 'n glyskaal van sekerheid lewe. Dit beteken nie dat die saligheid nie gewaarborg is in God nie. Dit is reeds beredeneer en bevestig. Dit is net die mens se gemoed en innerlike sekerheid wat hier aangespreek word. Wat is die bron van sekerheid?

Sekerheid van saligheid is in geloof gegrond. Geloof bestaan uit verskillende aspekte. Lidmaatskap van die ware kerk is een so 'n dimensie van geloof. Die mens wat twyfel daaraan dat hy lidmaat van die ware kerk is, gaan in onsekerheid verval. Die mens wat nie hierdie lidmaatskap uitleef nie, gaan in onsekerheid verval.

Saam met lidmaatskap, is kennis van groot belang. Kennis van die Woord van God, bevestiging in kategese en prediking, bring die mens waar hy besef dat sy sondes vergewe is en dat hy in besit is van die ewige lewe deur die genade van God.

Anders gestel; gelowiges kan leef in die sekerheid dat hulle gered is en die ewige lewe deelagtig is. Hulle vind hierdie sekerheid in hulle lidmaatskap van die kerk en die uitleef van hulle geloof.

Om te stel dat jy die ewige lewe deelagtig is, is met ander woorde nie arrogansie of verwaandheid nie. Dit is 'n afleiding (in sekerheid) wat gelowiges maak op grond van die waarborge in die Skrif, en die uitleef van hulle geloof in verbintenis met die kerk. Dit is 'n dankbare vertrouende uitspraak wat aan God alle eer gee en jubel in en oor die genade van God.